

## Sabbat: 'n Dag van vryheid



### Sabbatmiddag

**Leesverwysings vir hierdie week se studie:**

*Eksodus 16:16-18, hfst. 20:8-11, Deuteronomium 5:12-15, Mattheus 12:9-13, Levitikus 25:1-7.*

**Geheueteks:**

“En Hy sê vir hulle: Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie”  
(*Mark. 2:27, OAB*).

**G**od het die skeppingsweek met die Sabbat afgerond. Daar word soms gesê dat die Here nie net op die sewende dag gerus het nie, maar dat Hy ook rus as 'n integrale deel van alle prosesse op aarde ingestel het. Die Sabbat moes as demonstrasie dien, een wat toon hoedat God ons vir interaksie met Hom en met mekaar geskep het. Dit is dus geensins verrassend dat die Sabbat sy opwagting as een van die geboorte in God se verbondsplan maak nie. Om die waarheid te sê, dit maak reeds sy verskyning in die geboortefase van die splinternuwe Israelitiese volk, 'n dag wat 'n sentrale rol in die lewe van die Hebreërs sou speel.

Wanneer 'n mens die Sabbatdag aanroer, duik 'n aantal vrae gou op: Maar hoe moet 'n mens dit reg hou? Wat behoort jy nie te doen nie? Dié klas van dinge wil almal weet en is weliswaar belangrik. Tog moet 'n mens eers verstaan wat God se doelstelling met die Sabbat was en hoekom dit so 'n integrale rol in die skepping moes speel, en ook hoekom dit so 'n belangrike rol as simbool van sy genade en voorsienigheid in Israel van ouds gespeel het. Soos Jesus tereg gesê het, is die Sewendedag-sabbat vir die ganse mensdom geskep. Wanneer 'n mens waarlik die Sabbatdag “gedenk om dit heilig te hou” – m.a.w. as jy op 'n spesiale manier aan daardie dag dink – transformeer dit jou lewe elke dag van die week. Dit kan ook, soos Jesus gedemonstreer het, ander tot seën wees.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 Julie.*

## Genoeg manna

Na geslagtelange slawerny en die maatskaplike agteruitgang waaronder sy onderdrukte volk ongetwyfeld moes deurloop, wou God die pasbevryde Israeliete ophef. Dit wou Hy doen deur 'n beter lewenswyse onder hul aandag te bring, en deur hulle wette te gee wat hul nuwe samelewing die mees ordelike sou maak. Hierdie opheffingsprojek het met 'n praktiese en besondere opvoedkundige leerervaring begin. Dit is 'n wonderwerk wat deel van hul lewensritme was, 'n voorreg wat hulle die volle 40 jaar van hul woestynomswerwinge geniet het. Boonop was dit 'n tasbare bewys van God se voorsienigheid en 'n eerstehandse belewenis van 'n belangrike deug – onselfsugtigheid – een van die deugde wat eintlik deel die Israelitiese kultuur moes word. Die wonderwerk waarvan ons hier praat, is natuurlik die gee van die manna. Dit het slegs binne die kampterrein gebeur. Dit was 'n kossoort wat elke oggend op die grond verskyn het.

**Let op die maatreeël in Eksodus 16:16-18, wat elke Israeliet moes volg. Hoekom was en is dit so betekenisvol?**

---

In 2 Korintiërs 8:10-15 verwys Paulus na hierdie bevel aangaande die manna, en gebruik dit dan as voorbeeld van hoe Christelike vrygewigheid werk: “Julle wat nou oorfloed het, [moet] dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorfloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig” (*vers 14, NAB*). Die lesse vir die Israeliete, en vir ons, is dat God ruim voorsiening vir sy kinders en sy skepping gemaak het. As ons net die nodige neem, en die surplus met ander deel, sal almal die nodige versorging en lewensmiddele geniet. Om elke dag net mooi genoeg manna te neem, en niks meer nie, het egter geloof van die Israeliete vereis – dat daar die volgende dag wel weer manna sou wees. Mense wat pas uit verdrukking en slawerny gekom het – soos die Israeliete van ouds – is geneig om net aan oorlewing te dink. Daarom wou die Here op 'n praktiese wyse aan die Israeliete demonstreer dat hulle 'n lewe van vertroue, vrygewigheid en mededeelsaamheid kon demonstreer. Tog was daar ook 'n ander, merkwaardiger dimensie aan dié praktyk. Elke Vrydag het 'n dubbele porsie manna op die grond geval, en op daardie dag – nêr op daardie dag – moes die mense ekstra vir Sabbat optel. Dié spesiale voorsorgmaatreeël vir die Sabbat was 'n verdere manier om vertroue in die Here aan te wakker, dat Hy wel in al hul beloftes sou voorsien. Hierdie ekstra porsie manna, wat die Here hulle genadiglik geskenk het, het hulle in staat gestel om die beloofde Sewendedag-sabbatsrus nog meer te geniet.

**Wat kan ons op Vrydae doen om die seëninge wat Sabbatsviering inhou, ten volle te benut?**

---

## Twee redes vir die Sabbat

**Lees Eksodus 20:8-11 en Deuteronomium 5:12-15. Hoe vul hierdie twee weergawes van die vierde gebod mekaar aan?**

---

---

Herdenking – om weer aan iets te dink – is ’n belangrike deel van daardie band tussen God en sy kinders wat Hy graag wil herstel, ’n boesemvriendskap waarin Hy as ons Skepper en Verlosser die middelpunt is. Beide rolle word in dié twee weergawes van die vierde gebod aangeroer. Dit toon ook dat God se skepper- en verlosserskap nou met die Sabbat en Sabbatsviering verweef is. Die Israeliete het uit ’n land van vele vals gode opgetrek, en daarom moes hulle aan die ware God en sy rol as Skepper herinner word. Die Sabbat het ’n deurslaggewende rol in daardie herinneringsproses gespeel – ’n dag wat vanweë die weeklikse manna-siklus en die feit dat daar op Vrydae ’n ekstra porsie gegee is, ’n kragtige voorbeeld van God se skeppende mag was. In die Eksodus 20-weergawe van die Sabbatsgebod word God se skepperskap die duidelikste onderstreep.

Daarteenoor lê die Deuteronomium 5-weergawe klem op die volk se redding, bevryding en verlossing. Hierdie verhale moes die Israeliete gereeld oorvertel; om sodoende hulself opnuut daarvan te vergewis, veral op die Sabbat. Dié verhale het twee sye gehad, eerstens, die Israeliete se fisiese redding en bevryding uit slawerny en Egipteland. Soos die aard en wese van God asook die omvang van die verlossing wat Hy bring, begin deurskemer het, het die volk die tweede sy ontdek: dié van geestelike verlossing. Dit is ’n ontdekking wat deur die Sabbat gekom het, ’n weeklikse simbool en viering van daardie geestelike redding en bevryding.

Beide hierdie beweegredes vir Sabbatsviering gaan oor die herstel van bande tussen God en sy kinders: “Ek het ook my Sabbatte aan hulle gegee om vir hulle ’n teken te wees van die verhouding tussen hulle en My, en sodat hulle sou weet dat Ek, die Here, hulle geheilig het” (Eseg. 20:12, NAB). Soos ons reeds gesien het, gaan die versoening wat God wou (en steeds wil) bewerkstellig, nie net oor ’n enkele groep mense nie. Hierdie verbondsverhouding moes die grondslag vir die bou van ’n nuwe soort samelewing vorm, een wat buitestaanders goedgesind en ook die ganse wêreld tot seën moes wees. “Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou” (*Deut. 5:15; NAB, klem verskaf*). Deur die Sabbat as ’n herdenking aan, en viering van, ons skepping en verlossing te hou, kan ons ons bande met God maar ook met diegene om ons, verstewig. Die Here is ons genadig en daarom behoort ons ook ander genadig te wees.

**Hoe maak Sabbatsviering beter mense van ons, mense wat groter medelye en simpatie met ander het?**

## 'n Dag van gelykheid

Uit 'n voorlangse lees van Eksodus 20 en Deuteronomium 5 blyk dit gou dat die vierde gebod beslis die gedetailleerdste van die tien gebooe is. Neem in ag dat sekere gebooe, veral in sommige vertalings, net uit drie woordjies bestaan (en dat dit in die oorspronklike Hebreeus, selfs so min as twee het). Daarteenoor gee die vierde gebod die hoekom, die hoe en die wie van daardie herdenkingsgebaar.

**Lees Eksodus 20:8-11. Wat sê dit oor die mense wat vir jou werk en oor jou besoekers, en selfs oor jou diere? Wat beteken dit?**

---

Opvallend hier is die fokus op ander mense. Die skrywer Sigve K. Tonstad is van mening dat hierdie voorskrif eie aan die Hebreeuse kultuur is. Volgens hom gee die Sabbatsgebod “voorrang aan die laagste vlak en werk dan boontoe, en werk nie van die hoogste vlak af ondertoe nie. Nee, die swakkes en die mees kwesbare lede van die samelewing kom eerste. Diegene wat die grootste behoefte aan rus het – die slaaf, die ontheemde in jou midde, en die pakkdiere – word geïdentifiseer en uitdruklik genoem. In die Sewendedag-sabbat het die minderbevoorregte, selfs stomme diere, ook 'n bondgenoot” (*The Lost Meaning of the Seventh Day* [Michigan: Andrews University Press, 2009], bl. 126, 127). Die gebod lê klem op die feit dat, en is ook 'n oproep dat, die Sabbat deur ieder en elk geniet behoort te word. Dit onderstreep ons gelykwaardigheid in die lig van die Sabbatwaarheid. Gestel jy is 'n werkgewer. Dan is jy jou gesagsposisie op 'n Sabbat kwyt en kan jy nie jou werknemers beveel om op God se rusdag te werk nie. Hoekom is dit so? Omdat God ook daardie rusdag aan jou werksmense geskenk het. Selfs al is jy vir die res van jou lewe 'n werknemer – of selfs 'n slaaf – is en bly die Sabbat 'n herinnering dat jy gelyk voor, en ook deur, God geskape is, en dus ewe geregtig op sy verlossing is; en dat Hy jou op daardie dag nooi om hierdie dinge op ander maniere te vier, en nie net deur die werk wat jy doen nie. Selfs diegene wat nie deel van die Sabbatariese gemeenskap is nie – “die vreemdeling by jou” (Eks. 20:10, NIV) – behoort voordeel uit die Sabbat te trek. Hierdie idee sou 'n merkwaardige gedagteskuif vir die Israeliete gewees het, weg van die slawerny en uitskuiwing wat hulle voorheen beleef het. Noudat hulle op pad was na die beloofde land om hulle daar te vestig, wou die Here nie hê dat hulle dieselfde gewoontes as hulle Egiptiese onderdrukkers moes hê nie. Benewens die gedetailleerde wette vir die opbou van daardie samelewing, het Hy hulle (en ook vir elkeen van ons) 'n weeklikse gedenkteken gegee, 'n herinnering wat op 'n kragtige wyse demonstreer hoe ongelooflik gelyk ons elkeen in die oë van die Here is.

**Hoe kan jy die Sabbat met die mense in jou gemeenskap deel, m.a.w. hoe kan hulle uit jou Sabbatsonderhouding voordeel trek?**

---

## 'n Dag van genesing

Die Sabbat en Sabbatsonderhouding het oorspronklik ten doel gehad om wydlopend en inklusief te wees. Teen die tyd dat Jesus op die toneel verskyn het, was dit egter nie meer die geval nie omdat baie van die destydse godsdienstige leiers velerlei andersoortige betekenis daaraan geheg het. In plaas van 'n dag van vryheid en gelykheid, het die Sabbat 'n dag van mensgemaakte tradisie en taboe geword. Tydens sy aardse sending het Jesus hierdie sienswyse teëgestaan. Hoekom? Omdat godsdienstige leiers sodoende 'n onnodige las op die mense se skouers geplaas het. Besonder interessant is die wyse waarop Jesus sy misnoeë te kenne gee het: deur telkens siekes op 'n Sabbat te genees. Dit wil tog lyk of hierdie wonderbaarlike genesings doelbewus op die Sabbat gedoen is – ten spyte van die feit dat dit op 'n ander dag gedoen kon word – as 'n soort demonstrasie oor die ware betekenis van die Sabbat. In hierdie stories sien 'n mens telkens hoedat Jesus pertinent die paslikheid van uiterlike genesing en innerlike heling op 'n Sabbat uitwys, en ook hoedat die Fariseërs sy woorde as skietgoed in hul moordkomplot teen Hom gebruik het.

**Lees die verhale van Jesus wat mense op die Sabbat genees het (Matteus 12:9-13, Markus 1:21-26 en hfst. 3:1-6, asook Johannes 9:1-16). Watter aspekte van hierdie stories is besonder opvallend?**

---

Jesus het inderdaad die belangrikheid van die Sabbat bevestig. Die Sabbat word deur tydsgrense afgebaken sodat dit spesiaal kan bly. Sodoende kan ons eenmaal 'n week ons bande met God, ons gesinne, ons kerkgesinne en ons gemeenskappe koester en verstewig. Tog gaan Sabbatsonderhouding nie oor die eie-ek nie. Soos Jesus tereg gesê het: “So is dit dan geoorloof om op die Sabbat goed te doen” (*Matt. 12:12, OAB*).

Baie lidmate doen goeie liefdadigheidswerk. Tog voel vele dat daar hopeloos te min van dié soort werk gedoen word. Ons weet tog dat die Here omgee vir elkeen wat ly, onderdruk word of vergeet is; ook dat ons na hierdie mense behoort om te sien. Siende dat ons aangesê word om nie op die Sabbatdag ons gewone gang te gaan deur te werk nie, en derhalwe van ons weeklikse werksdruk onthef word, het ons mos die tyd om iets daadwerkliks vir ons medemens te doen, en sodoende die Sabbat waarlik en aktief te onderhou. Mev. White skryf: “Volgens die vierde gebod is die Sabbat ingestel as 'n dag van rus en aanbidding. Alle wêreldse bedrywighede moes [en moet] gestaak word. Dié wat met omgee en liefdadigheid te doen het, strook wel met sy doel vir die Sabbat... Om verligting aan die beproefdes en vertroosting vir die treurendes te bring – omgee-werk – dít is die werk wat tot eer van God en sy heilige dag strek” (*Ellen G. White, Welfare Ministry*, bl. 77).

**Wat doen jy ten bate van jou medemens op 'n Sabbat?**

## 'n Sabbatsrus vir die land

Soos ons reeds gesien het, het die Sabbat 'n integrale deel van die volk se bestaansritme geword. Tog was die Sabbat nie net 'n weeksgebonde dag nie, maar 'n beginsel. Dit het ook die sewejaarlikse rusjaar ingesluit, wat na sewe sewejaartydperke (oftewel elke 50ste jaar) met 'n jubeljaar afgesluit is.

**Lees Levitikus 25:1-7. Wat maak hierdie voorskrif so merkwaardig? Op watter maniere kan 'n mens hierdie soort beginsel in jou tuis- en werkslewe toepas?**

---

Die Sabbatsjaar het toegesien dat die grond 'n jaar lank moes braak lê, en was 'n briljante vorm van rentmeesterskap oor die grond. Dit is boonop wêreldwyd 'n erkende landboupraktyk. Die sewende jaar het ook groot betekenis vir slawe ingehou (*lees Eks. 21:1-11*). Soms het 'n Israeliet so diep in die skuld beland dat hy homself as 'n slaaf verkoop het. Daardie gedwonge dienstydperk moes dan op die sewende jaar beëindig word. Dit het ook vir alle skulde gegeld. Alle oorblywende bedrae moes aan die einde van die sewende jaar afgeskryf word (*lees Deut. 15:1-11*).

Net soos die manna wat God die Israeliete in die woestyn gegee het, was die jaarlange braaklegging van grond 'n kwessie van vertroue: hulle moes vertrou dat die Here hulle genoeg sou skenk – beide uit die voorafgaande jaar se opbrengs, en uit daardie onbewerkte grond in die Sabbatsjaar self. Net so was die vrystelling van slawe en afskryf van skulde nie net 'n begenadigingsgebaar nie, maar ook een van vertroue: dat die Here by magte is om in ons behoefte te voorsien. In 'n sekere sin moes die volk leer dat 'n mens nie jou medemens hoef te onderdruk in 'n poging om in jou eie behoeftes te voorsien nie. Die beginsels en patroonmatigheid van die Sabbat moes 'n noue verweefdheid met die Israelitiese samelewing as 'n geheel toon. Op 'n soortgelyke wyse behoort kontemporêre Sabbatsviering 'n geestelike dissipline te wees wat 'n transformerende invloed op die res van die week het. In 'n praktiese sin is die Sabbat 'n uitleef van die voorskrif om eers die koninkryk van God te soek. In Matteus sê Jesus: “want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het [NAB]... God [sal] vir julle al hierdie ander dinge byvoeg [DB]” (*hfst. 6:32 en 33*).

**Watter verskil behoort die viering van die Sabbat op die ander ses dae van die week te hê? Wat help dit – per slot van rekening – as jy van Sondag tot Vrydag gierig, selfsugtig en gevoelloos teenoor ander is, net om skielik op die Sabbat die teenoorgestelde te wil doen? (Of anders gestel: Kan 'n mens werklik op 'n Sabbat nie so optree nie, as jy dan die res van die week wel so opgetree het?)**

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “From the Red Sea to Sinai” op bl. 295-297 in *Patriarchs and Prophets*, en “The Sabbath” op bl. 281-289 in *The Desire of Ages*. Lees ook Sigve K. Tonstad – “The Social Conscience of the Seventh Day” op bl. 125-143 in *The Lost Meaning of the Seventh Day*. “Hulpverlening aan beproefdes druis nie teen die Sabbatsgebod in nie – dit was Jesus se boodskap aan sy dissipels. Dit is juis in pas met die werk wat God se engele verrig – wesens wat voortdurend afkom aarde toe of opgaan hemel toe ten einde die lydende mensdom te dien...

“En die mens het ook ’n belangrike taak om op hierdie dag te verrig – in basiese behoeftes moet voorsien word, siekes moet versorg word, behoeftiges moet gehelp word. Geeneen wat versuim om ander se lyding op ’n Sabbat te verlig, sal verskoon word nie. God se heilige rusdag is gemaak vir die mens, en om jou medemens op daardie dag jammer te kry en te help, strook geheel en al met die doel waarvoor God dit geskep is. Slegs ’n uur se pyn by enige van sy skepsels – pyn wat op die Sabbat of op enige ander dag verlig kon gewees het – is vir die Here te veel” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 206, 207).

## Vrae vir bespreking:

1. Op watter maniere het jy al die Sabbat as ’n demonstrasie van jou vertroue in God beleef? Het jy dalk jou eie manna-ervaring gehad, waar die Here in antwoord op jou vertroue in Hom vir jou voorsien het? Indien wel, deel dit met die klas en ook wat jy daaruit geleer het.
2. Die tien gebooe (soos uiteengesit in Eksodus 20:8-11 en Deuteronomium 5:12-15) lê klem op verskillende aspekte van die Sabbat, soos ons reeds gesien het. Watter van daardie aspekte waardeur jy die meeste?
3. Doen die volgende by die huis of in klasverband: Dink aan maniere om die seëninge en voordele van die Sabbat met jou gemeenskap te deel.
4. Op watter maniere transformeer die Sabbat jou lewe? Is daar ander gedeeltes van jou lewe waar die patrone en beginsels van die Sabbat ’n groter impak behoort te hê?

## Opsomming:

God het ons die Sabbat as ’n herinneringsdag gegee, sodat ons die skepping en die verlossing van die mens kan oordink, hoewel dit ook ander alledaags-praktiese voordele inhou. Dit leer ons om op die Here en sy voorsienigheid te vertrou en om die beginsel van gelykheid na te streef. Dit kan ook ’n geestelike dissipline word wat ’n omwenteling in ons bande met ander kan meebring. Jesus het sy visie vir die Sabbat gedemonstreer deur siek mense te genees, en deur klem te lê op die Sabbat as ’n dag ter bevoordeling van die behoeftiges.